15 September 2011

NUUSBRIEF 9/2011

Geagte Ouers

SKOOLGELDE EN HERREGISTRASIE VIR 2012

1. **SKOOLGELD**

Tydens 'n Ouervergadering wat gehou is op Woensdag, 14 September 2011, is die skoolgeld vir 2012 op R6 000.00 per leerling per jaar vasgestel. Ek wil u verseker dat daar met die grootste omsigtigheid te werk gegaan is met die vasstelling van die skoolgeld. Gemeet aan alle standaarde, is die Beheerliggaam tevrede dat die kwaliteit opvoeding wat u kind by Laerskool Thabazimbi ontvang, werklik waarde vir geld verteenwoordig.

- Skoolgelde beloop R6 000.00 per leerling per jaar.

- Die eerste paaiement van R600.00 is betaalbaar MET herregistrasie en hierdie paaiement is nie terugbetaalbaar nie.

- 'n Getekende debietorder vir Amandelbult Myn of Northam Platinum Myn sal ook aanvaar word in die plek van die eerste paaiement.

- Korting van 7,5 % word aan persone toegestaan wat hul skoolgeldrekening voor of op 31 Januarie 2012, vereffen.

- Korting vir gesinne met meer as een kind in Gr 1 – 7 in Laerskool Thabazimbi word soos volg bereken:

KIND 1	**-**	**R6 000.00**
KIND 2	**-**	**R5 700.00 (5 % KORTING)**
KIND 3	**-**	**R5 400.00 (10 % KORTING)**
KIND 4	**-**	**R4 800.00 (20 % KORTING)**

- Ons versoek dat u asseblief van 'n debietorder gebruik sal maak.

- Ouers wat maandeliks kontant betaal se laaste paaiement vir 2012 is betaalbaar voor of op Vrydag, 5 Oktober 2012. Let asb net weer daarop dat gelde VOORUITBETAALBAAR is, met ander woorde Januarie se paaiement word voor 7 Januarie betaal ens.

2. **HERREGISTRASIE**

Ten einde u kind se herregistrasie vir 2012 te vergemaklik, versoek ons u vriendelik om die aangehegte herregistrasievorm volledig te voltooi, en voor of op Vrydag, 23 September 2011, in te handig by u kind se voogonderwyser.

Herregistrasie is 'n voorreg aan huidige ingeskrewe leerlinge, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- Eerste paaiement vir 2012 se skoolgelde moet ingesluit wees;
- Bevredigende akademiese prestasie;
- Bevredigende gedrag volgens die skool se gedragskode;
- **Dat alle skoolgeld vir 2011 tot op datum betaal is, of die nodige reëling met die Beheerliggaam getref is vir vrystelling, verligting of afbetaling daarvan.**

Indien u vorms nie teen Vrydag, 23 September 2011, ingehandig is nie, neem ons aan dat u verhuis of u kind by 'n ander skool gaan inskryf en **word u kind derhalwe nie geregistreer en op 'n klaslys geplaas vir 2011 nie.**

3. **AANSOEK OM KORTING OP 2012 SE GELDE**

Aansoek om bogenoemde moet volledig voltooi word en aan die herregistrasievorm geheg word. Aansoekvorms is by die Administratiewe Kantoor beskikbaar.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF